**Geleentheidsrede**

# Vasstaar en deurkyk: 'n refleksie op bewustheid en veelheid van betekenisse[28]

M.P. Wissing
Departement Psigologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

## 1. Inleidend

By hierdie geleentheid wil ek praat oor *vasstaar en deurkyk* ... eintlik meer oor deurkyk – dit is 'n *kyk met die oog van die gees* en het baie te make met *bewustheid* en die veelheid van betekenisse.

Ek sluit in hierdie gedagtegang aan by woorde in 'n gedig van prof. T.T. Cloete. Hy sê in sy bundel *Met die aarde praat,* en sy gedig "Herfsoog" "Deurkyk is ryker as vasstaar". Op sy mooi poëtiese manier sê hy die somer se ondeursigtige groen is staties, maar dat sien in die herfs die oog laat fleur, en die lig laat blinkspeekwiel in ryke kleurskakerings. Ek dink dit is ook wat deurkyk met die oog van die gees doen: dit laat die mens fleur – dit bring bewustheid en vitaliteit; dit laat nuwe betekenisse en nuwe moontlikhede ontvou.

## 2. Graduandi as deurkykers uit die aard van geesteswetenskaplike opleiding

Dames en here graduandi, as geesteswetenskaplikes is u oog as 't ware meer geoefen in déúrkyk as die oë van studente van ander fakulteite. U het in die wetenskap wat u bestudeer het, reeds bewus geword van dieperliggende en meervoudige betekenisse in tekste, in menslike gedrag, in

28 Rede gelewer by die gradeplegtigheid van 7 Maart 1994.

sosiale gebeure en in politieke kontekste. Maar u het waarskynlik óók geleer hoe blind ons soms kan wees, en dat ons makliker vasstaar teen die splinter in die oog van ons naaste as wat ons die balk in ons eie oë kan sien.

En tog wil ek vandag spesifiek vir ú as geesteswetenskaplikes nooi om te bly kyk met die oog van die gees – sodat u rigting kan help aandui in hierdie turbulente sosiopolitieke situasie, sodat u 'n klimaat kan help skep waarin u en ander hóóp kan behou, en sodat u met wysheid en geloof u pad kan bly loop.

## 3. Konnotasies van *vasstaar* versus *deurkyk*

*Vasstaar* word geassosieer met onbewustheid, leegheid, vlakheid, kyk sonder sien, tonnelvisie, staties-wees, strakheid, rigiditeit, onveranderlikheid.

*Deurkyk* word geassosieer met bewustheid: die bewustheid van betekenis of meervoudige betekenisse; bewustheid van moontlikhede en verskeidenhede. Deurkyk word ook geassosieer met ontvouing en veranderbaarheid; en met diepte, hoop, drome, geloof, waardes – en dit is nodig vir wysheid.

## 4. Deurkyk in tydsperspektief

Deurkyk met bewustheid of die oog van die gees kan na die *toekoms* wees, maar ook na die *verlede* of in die *hede.*

Dames en here graduandi, u het 'n paar jaar gelede reeds *deurgekyk* na vandag, of dit wat vandag simboliseer. Alles wat met beplanning, met visies vir die toekoms, met drome en ideale te make het, is vorms van deurkyk na die *toekoms.*

Deurkyk na die *verlede* impliseer 'n bewustheid van diegene wat jou voorgegaan het, en 'n bewuswording van wat jy uit hulle en jou verlede kan haal vir jou pad van nou. Dit beteken ook dat jy bewus word van die opofferings van pa's en ma's en ander gesinslede sodat jy kon kom studeer het. Dit kan ook beteken dat gebeure van die verlede, wat vantevore so sinloos gelyk het, nou begin sin maak.

Deurkyk kan ook in die *hede* wees: Bewustheid maak die betekenis van die oomblik oop. Wat beteken hierdie dag vir u? Kan u uself toelaat om

nou die betekenis daarvan te ervaar? Ja, ek weet die stryd en eksamens is lankal verby en die uitslae bekend, en daar is nou baie ander dinge wat belangrik is vir u. Maar staar u nie dalk nou vas in die rituele, formaliteite en nonsensgoed van vandag nie? Soos: Wat moet ek aantrek? Pas dit by dat? As my voet tog net nie net-nou vashaak as ek oor die verhoog moet loop nie ... as ons by die belewing van nou sou stilstaan, sal elkeen dit op sy/haar eie manier beleef, en sal daar 'n ryke verskeidenheid van belewinge wees: vir die een kan dit 'n sagte, warm-bly wees soos die eerste *tan* in die lente; vir 'n ander 'n blink en helder bly soos die herfslug; vir 'n ander 'n diep dankbaarheid; vir 'n ander 'n stil bly-wees; vir 'n ander 'n hovaardige 'ag, dis niks daai' nie.

Hoe dit ook al sy, ons nie-graduandi is vandag hier om saam met u deur te kyk in dankbaarheid, en bly te wees vir hierdie dag in u lewens, en vir dit wat u bereik het. Ons bring hulde aan u daarvoor.

## 5. Denotasies van vasstaar en deurkyk

Ek het net iets gesê oor die algemene konnotasies van vasstaar en deurkyk. Nou wil ek enkele spesifieke denotasies noem. 'n Mens kan die metafoor "deurkyk is ryker as vasstaar" op verskillende vlakke en in verskillende kontekste toepas. Ek gaan dit kortliks illusteer op die vlak van die wetenskap, op 'n indiwiduele, persoonlike belewingsvlak, op 'n sosiale gemeenskapsvlak, en op 'n geloofs- of religieuse vlak:

### 5.1 Denotasie van vasstaar en deurkyk op *wetenskapsvlak*

#### Kulturele beperktheid van die wetenskap

Op die vlak van die wetenskap word daar in die hoofstroomgeesteswetenskappe baie *vasgestaar* teen Westerse konstrukte, teorieë, navorsingsmetodes en kennisleer of epistemologieë, *en* dan ook nog implisiet aangeneem dat dit universeel geldende kennis, en die enigste aanvaarbare wetenskapsbeskouing is. Byvoorbeeld: dit word algemeen aangeneem dat almal liniêre denke (oorsaak-gevolg) gebruik om hulle wêreld en lewens te verstaan. Sommige mense kan, in bepaalde situasies, oorsaak en gevolg sien as twee aspekte van dieselfde, ondifferensieerbare realiteit. Interpretasie van data sonder inagname van die werklikheidsbeskouings van die-

gene op of met wie navorsing gedoen word, kan lei tot verkeerde afleidings en interpretasies, en tot ernstige foute in die wetenskap.

Wat sal gebeur as ons aanvaar dat ons kultureel en situasioneel beperk is in ons konsepte van die wetenskap? In watter mate is ons praat en skryf in die wetenskap in elk geval 'n weergawe van 'feite' en 'kennis', en in watter mate is dit 'n manier om wetenskap en sien te konstrueer?

As ons *deurkyk,* sal ons dalk sien dat die sogenaamde objektiewe wetenskapsbevindinge nie so algemeen geldig is soos meestal aangeneem word nie: wát bestudeer word, hoé dit gedóén word, en hoe dit geïnterpreteer word, kan ook saamhang met persoonlike, professionele, sosiale en religieuse waardesisteme.

Dit is iets wat ons lankal by die PU vir CHO weet, maar ongelukkig lyk dit vir my of ons so dikwels uit gewoonte daarteen vasstaar, dat ons nie regtig sien wat dit beteken nie, en daarom ook nie regtig altyd daarmee rekening hou in ons wetenskapsbeoefening nie.

In hoeverre is ons werklik *bewus* van ons eie persoonlike, sosiale en wetenskapswaardes? Hoe hou ons daarmee rekening in die beoefening van ons wetenskap? Watter ander waardes bestaan daar?

**Geesteswetenskappe vs. natuurwetenskappe: 'n nuwe paradigma**

'n Tweede plek van *vasstaar* op die vlak van die wetenskap is in die polarisering van die geestes- en natuurwetenskappe. As ons *deurkyk*, kan ons egter sien dat daar reeds 'n nuwe, algemene paradigma begin ontwikkel het waarin hierdie splitsing opgehef word: dit is 'n waarde-paradigma met 'n nuwe konseptualisering van kousaliteit. Daar word wegbeweeg van 'n mikro-determinisme en verskuif na 'n erkenning van *ontvouende oorsaaklikheid* waarin afwaartse sowel as opwaartse kontrole 'n rol speel.

## 5.2 Denotasies van vasstaar en deurkyk op *indiwidueel-persoonlike vlak*

Op 'n indiwidueel-persoonlike vlak sou u, dames en here graduandi, dalk nou kon *vasstaar* of *vassit* in ontwikkelingskrisisse. 'n *Ontwikkelingskrisis* is 'n gebeure in die normale vloei van die menslike lewe waarby 'n dramatiese skuif of verandering voorkom, en dit kan tot baie spanning en sterk reaksies lei. U beleef nou talle veranderinge: u maak 'n oorgang van

laat adolessensie na vroeë volwassenheid; u gaan weg van die universiteit af, uit die koshuis uit; u moet emosioneel en finansieel uit die huis gaan; u het aanpassingspanning in 'n nuwe werk; of frustrasie omdat u nog nié 'n werk het nie; of spanning in moeilike nagraadse kursusse; u moet belangrike besluite neem in u persoonlike verhoudings, byvoorbeeld trou of nie; u verhouding met u *ouers* verander – hulle het hulle eie ontwikkelingskrisisse soos middelloopbaanveranderinge, aftrede, of eksistensiële krisisse waarin hulle voorraad opneem en moet vrede maak met wat hulle nie meer sal kan doen nie.

Naas bogenoemde normale ontwikkelingskrisisse ervaar ons almal ook *situasionele krisisse* wanneer slegte dinge gebeur – traumatiese dinge soos ongelukke, skielike siektes, aanrandings, werkverlies of dramatiese sosiopolitieke veranderinge, wat op 'n indiwiduele vlak hanteer moet word.

*Vasstaar* in hierdie krisissituasies sal beteken dat 'n mens opgee; jou oorgee aan die gevoel van magteloosheid en hulpeloosheid.

*Deurkyk* sal onder andere beteken dat 'n mens bewus is daarvan dat:

* hierdie soms ontstellende belewing in 'n ontwikkelingsfase relatief normaal is;
* onderhandelings in 'n konfliksituasie 'n wen-wenmoontlikheid skep (in plaas van vasstaar teen wen-verlooropsies);
* proaktiewe optrede nuwe moontlikhede kan laat ontvou (in plaas van reaktiewe optrede wat 'n vasstaar teen die verlede is);
* deurkyk in 'n krisis beteken dat 'n mens hoop behou, en dat jy bewus is dat krisisse ook uitdagings is – uitdagings wat as dit ontmoet kan word, nuwe groei en ontwikkeling kan bring;
* deurkyk ook beteken dat 'n mens bewus is dat, al kan jy soms nie die gebeure of omstandighede verander nie, jy nog vry is om jou houding daarteenoor te bepaal.

## 5.3 Denotasies van vasstaar en deurkyk op *interpersoonlike en gemeenskapsvlak*

Op 'n interpersoonlike en gemeenskapsvlak wil ek praat oor molestering, multikulturele bewustheid, en mag.

### 5.3.1 Molestering

Die omvang en frekwensie van seksuele molestering van kinders, en die fisiese, emosionele en geestelike mishandeling van mense (dikwels deur diegene naby hulle) is ontstellend groot en die effek daarvan katastrofies vir indiwidue en kettings van verhoudings. Omdat dit te bedreigend is vir die gemeenskap se beeld van homself (hy kan net sien wat in ooreenstemming met sy eie algemene waardes is), draai hy so dikwels 'n blinde oog. Hy *staar vas in ontkenning.* Hierdie ontkenning beteken dat preventiewe en korrektiewe optrede nie spontaan of maklik kom nie. Erger nog, as dit nie meer ontken kan word nie, word die slagoffers geblameer vir wat met hulle gebeur het!

*Deurkyk* beteken dat

* ons sal weet dit is sielemoord as pa's of ma's wat kinders se beskermers moet wees, hierdie kinders se vernielers en molesteerders word;
* ons sal sien dat molesteerders uit alle sosiale klasse en beroepe kom, en dat hulle dikwels gerespekteerde mense in ander areas van die lewe is;
* ons ook sal sien dat slagoffers én oortreders gehelp moet word sodat ons samelewing kan heel word.

Deurkyk sal ons ook laat vra: waarom gebeur hierdie dinge? Wat maak ons met mag en verantwoordelikheid op 'n interpersoonlike en gemeenskapsvlak? Wat is die kwaliteit van aandag wat ons aan mense gee?

### 5.3.2 Multikulturele bewustheid

Ons leef in 'n multikulturele, multitalige, pluralistiese samelewing. *Kultuur* is 'n netwerk van betekenisse wat gevorm word deur 'n matriks van sosiale sisteemveranderlikes en indiwiduele veranderlikes. Sosiale sisteemveranderlikes sluit in nasionaliteit, etnisiteit, taal en religie. Indiwiduele veranderlikes verwys na demografiese en biografiese data soos ouderdom, geslag, woonplek, opvoedkundige vlak, sosio-ekonomiese status en affiliasies. 'n Breë definisie van kultuur (soos oor die algemeen verkies word) sluit die sogenaamde *objektiewe kultuur* in (dit is die sigbare artefakte en gedrag), sowel as die sogenaamde *subjektiewe kultuur* (dit is die geïnternaliseerde gevoelens, houdings, opinies en aannames).

Kultuur gee 'n basiese plan of ontwerp vir 'n indiwidu se lewe, en is 'n belangrike organiseerder van mense se persepsies, kognisies, houdings, waardes en gedrag.

*Vasstaar* is *multikulturele blindheid*, en onbegrip vir die konsekwensies daarvan.

*Deurkyk* is om *bewus* te wees van minstens vier komponente van multikulturaliteit, en van hulle implikasies:

**Die bewuswording van die kulturele waardes en aannames**

Die eerste komponent van, of voorwaarde vir konstruktiewe multikulturele funksionering is die bewuswording van eie kulturele waardes en aannames.

Om konstruktief in 'n multikulturele samelewing te kan funksioneer is dit in die eerste instansie nodig om weg te beweeg van kulturele onbewustheid en naïwiteit, en wel te beweeg na bewustheid en sensitiwiteit ten opsigte van eie kulturele waardes, houdings en gedragstyle.

As u self moet sê: wat is u eie belangrikste waardes? Watter gedragstyle is tipies van u kultuur? Wat is belangrike aannames vir u? Hoe weet u dit is tipies en belangrik?

Dit is dikwels nogal moeilik vir mense om vrae soos bogenoemde te beantwoord, juis omdat dit gaan oor gewoontes en dinge wat so normaal en vanselfsprekend is dat mense in die reël nie daaroor nadink nie. U sal ook merk dat as 'n mens hierdie vrae beantwoord jy jou eie kulturele waardes en gedrag tipies beskryf in begrensing met dié van ander. Dit beteken dat hoe meer jy van ander groepe weet, hoe duideliker kan jy jou eie identiteit eksplisiteer.

Op 'n teoretiese vlak sou 'n mens kan vra: ten opsigte van watter waardedimensies verskil kulture? En hoé verskil hulle op hierdie dimensies? Daar is verskillende modelle wat antwoorde op hierdie vrae kan bied. Vanuit 'n meer tradisionele model word byvoorbeeld onderskei tussen *waardedimensies en -oriëntasies* ten opsigte van:

**Siening van die menslike aard**

Groepe se opvattings hieroor kan verskil, byvoorbeeld:

- een groep aanvaar: mense kan nie vertrou word nie, hulle is *sleg*.
- 'n Ander groep meen: die meeste mense kan vertrou word, hulle is *goed*.
- 'n Verdere groep meen: daar *is slegte en goeie mense*, en jy moet mooi kyk om te sien hóé is wié!

**Verhouding tussen die mens en sy omgewing**

- Een groep meen die mens is *uitgelewer* aan, en word gedetermineer deur kragte buite hom – kragte soos God, genetika, noodlot, ensovoorts.
- 'n Ander meen die mens word uitgedaag om die natuur en alles daarin te *beheers* en te kontroleer.
- 'n Ander groep meen weer die mens behoort in alle opsigte in *harmonie* met die natuur te leef.

**Tydsin**

- Een groep fokus op die *verlede* en geskiedenis, en wil daaruit leer en daarmee rekening hou in die hede. Tydskedulering op sigself is nie so belangrik nie.
- 'n Ander groep fokus meer op die *toekoms*: doelstellings is belangrik, onmiddellike behoeftebevrediging word uitgestel terwille van 'n toekomstige groter goed. Stiptheid in tydskedulering en afsprake is belangrik.
- 'n Ander groep fokus meer op die *hede* – geniet die oomblik, want dit is al wat jy het.

**Sosiale verhoudings**

- Vir een groep is *outoritêre, hiërargiese magstrukture* belangrik: party mense is leiers, en ander is volgelinge.
- 'n Ander groep meen alle mense het ewe veel mag en regte, en elkeen het *beheer oor sy eie lewe*.
- In 'n ander groep is groepseenheid belangrik en moet *subgroepe hulle eie lede beheer*.

**Aktiwiteit**

- Vir sommige mense is *taakgerigtheid* en *aktiwiteit* belangrik: mense moet toegewyd en hard werk, dan sal hulle insette beloon word.
- Vir ander is dit goed genoeg om *net te wees* – mense hoef nie goed te doen om die moeite werd te voel nie.
- 'n Ander groep se hoofdoel is om die innerlike self te ontwikkel, eerder as om buite-dinge te doen.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat *groepe* gaan verskil ten opsige van hulle posisies op hierdie waardedimensies, maar ook dat *indiwidue binne groepe* van mekaar gaan verskil (daarom sê ons kultuur word deur sosiale en indiwiduele faktore bepaal). Dit is verder so dat 'n persoon se posisie ten opsigte van sy/haar waardeoriëntasies sy/haar *persepsie* en *verwagtings* gaan beïnvloed, sowel as dit wat hy/sy doen of nie doen nie, en dit wat hy/sy aan ander *toeskryf* (d.w.s. attribusies wat hy/sy maak). Laasgenoemde bepaal weer die affektiewe reaksie op die ander.

*Vasstaar* is blindheid ten opsigte van eie kulturele aannames, waardeposisies en die effek daarvan.

*Deurkyk* ten opsigte van die eerste komponent beteken dus dat

- jy bewus moet wees van jou eie aangeleerde kulturele waardes en aannames;
- jou eie tipiese verbale en nie-verbale gedragstyle;
- jy sensitief en bewus moet wees dat wié jy is, gaan bepaal wát jy sién en verwág;
- jy moet onthou dat 'n mens geneig is om jou eie implisiete standaarde te gebruik wanneer jy na ander se anders-wees kyk; en
- jy sal weet dat as 'n mens onbewus is van jou eie, jy geneig is om dit op ander af te dwing.

**Bewuswording van eie dehumaniserende vooroordele, stereotipes en diskriminerende gewoontes en gedrag**

Hierdie tweede komponent/voorwaarde vir multikulturele bewustheid gaan oor alle vorms van bewuste of onbewuste vooroordeel, onderdrukking van, of diskriminasie teen mense wat anders is as jy, soos dit byvoorbeeld

voorkom in rassisme, klassisme, seksisme, etnosentrisme of ouderdomisme.

*Vasstaar* beteken

* dat bogenoemde houdings en gedrag ontken word;
* dat daar 'n taboe geplaas word op die blote praat oor rassisme;
* dat seksisme afgelag word;
* dat ouderdomisme as irrelevant beskou word; ensovoorts.

*Deurkyk* beteken dat ons die moed sal hê om selfondersoekend te begin werk aan die verwydering van die balk in ons eie oë, en tot bewustheid sal kom:

* dat ons sal sien hoe ons ander stereotipeer en etiketteer;
* dat ons onthou ons het 'n onbewuste neiging om ander só te konstrueer dat dit ons belange pas.

Dames en here, *wat* weet ons van rassisme en seksisme? (Kan u een ding noem wat u wéét?) Wat sou u meer wou weet?

* Kan u deurkyk en sien hoe word *institusionele, kulturele* en *persoonlike* rassisme en seksisme in die daaglikse lewe gemanifesteer en in stand gehou?
* Hoe het dit ontstaan?
* Waarom wil ons dit weet?
* Hoe kan dit ons help as ons dit weet?
* Hoe onderskei ons tussen paternalisme/maternalisme en outentieke relatering?
* Wat is die *effek van rassisme* van die verlede en die *seksisme* van die hede nog op ons almal?

*Onderdrukking of oppressie* is gewoonlik ter sprake waar groepe teenoor ander groepe diskrimineer.

*Deurkyk* beteken dat ons kan sien, en bewus word wat die effek van onderdrukking is op mense in die dominante groep, sowel as op mense in die nie-dominante groep (albei het sekere houdings, gevoelens en gedragstyle geïnternaliseer – wat hulle maar as 'n gewone deel van hulle daaglikse lewe aanvaar).

*Die effek van oppressie op persone in die dominante* groep is byvoorbeeld

* dat hulle onbewus diskrimineer teen persone in die nie-dominante-groep;
* dat hulle self superieur voel;
* dat hulle 'n belewing van *entitlement* het in baie opsigte, sonder om dit as sodanig te herken – aansprake word as 'normaal' en vanselfsprekend aanvaar;
* dat hulle vanselfsprekend aanvaar dat hulle kan wees waar hulle wil, dat geleenthede hulle toekom, ensovoorts.

Die *effek van oppressie op persone in die nie-dominante groep* is byvoorbeeld:

* negatiewe gevoelens teenoor die self word geïnternaliseer, en lei tot 'n lae selfkonsep;
* 'n verlies van stem word ervaar (dominante persoon praat namens jou);
* verlies van identiteit word ervaar (word gestereotipeer deur dominantegroep;
* 'n verlies van *agency* word ervaar (ervaar verlies van inspraak in bepaling van wat gebeur);
* gevoelens van hulpeloosheid, magteloosheid, lae self-esteem ontstaan en dit lei tot swak motivering, frustrasie, haat, ambivalensie en apatie;
* dit wat self ervaar word, word op ander nie-dominante groepe afgereageer (kritiseer of verneder kinders of ander minderheidsgroepe);
* wantroue ten opsigte van ander, en eie persepsies en menings ontstaan;
* neiging tot ontvlugting in alkohol, dwelms, of ander self-destruktiewe gedrag ontstaan;
* ontwikkeling van allerlei oorlewingstrategieë.

*Deurkyk* beteken dat eie vooroordele en stereotipes, en die effek daarvan op die self en ander gesien word.

**Bewustheid en kennis van ander kulture**

Bogenoemde aspek is die derde komponent van, of voorwaarde vir multikulturele bewustheid. Wat weet u van 'n ander kultuurgroep se kernkulturele waardes, hulle geskiedenis, hulle heldefigure, hulle lewenstyle, hulle daaglikse ervaringswêreld, hulle wyses van direkte en indirekte kommunikasie. Wat weet u van hulle wyses van probleemhantering, hulle behoeftes, sterktes, bates en bronne, hulle voorkeurleerstyle, oorgedraagde of aangeleerde gewoontes?

*Vasstaar* beteken dat jy onkundig is ten opsigte van bogenoemde aspekte; dat jy kultureel-blind is; en dat jy ander kulture se anderswees as *afwykend* of as minderwaardig sien – omdat jy implisiet jou eie waardes en tipieshede gebruik as verwysingsraamwerk vir die beoordeling van goed of sleg.

*Deurkyk* beteken in dié opsig dat

* jy kennis en bewustheid van ander kulture se unieke patrone en waardes en indiwiduele gedragstyle het;
* jy respek vir menslike diversiteit en regte, en vir kultureel-unieke waardes het;
* jy 'n empatiese begrip vir die effek van oppressie op mense het;
* jy die gesigspunte kan sien van dié wat as gesigspuntloos geag word.

**Bewustheid van verskillende vlakke of fases van groeps-/rasidentiteitsbelewing, en van sosio-politieke en ander kontekstuele faktore wat die aard van interaksie kan beïnvloed**

Bogenoemde aspek is die die vierde komponent van/vereiste vir multikulturaliteit.

*Vasstaar* beteken dat alle indiwidue in 'n groep as homogeen gesien word, en dat daar nie bewustheid is van indiwidue binne groepe se verskillende vlakke/fases van groepsidentiteitsbelewing nie; en dit beteken dat die implikasies hiervan vir interaksie en byvoorbeeld vir opleiding nie besef word nie; en dat die (sosiopolitieke) konteks waarin die interaksie plaasvind nie in ag geneem word nie.

*Deurkyk* beteken dat daar 'n bewustheid is van eie en van die ander persoon se ras-/groepsidentiteitsbelewingsvlak, en dat die implikasies van

eersgenoemde vir die interaksie in ag geneem word; dat ander omstandighede wat die aard van die interaksie kan beïnvloed (soos persoonlike voorkeure, sosiopolitiese invloede, ensovoorts), in ag geneem word.

Omdat bewustheid van verskillende vlakke van groepsidentiteitsbewussyn so belangrik is, wil ek graag iets meer daaroor sê:

**Fases van ras-/groepsidentiteitsbelewing**

Minderheidsgroepe of onderdrukte groepe (soos die swart mense in die VSA en SA was), ontwikkel gewoonlik deur die volgende fases of vlakke van ras- of groepsidentiteitsbelewing:

* Aanvanklik is daar 'n *konformiteitsfase* waarin alles van die dominante groep as beter gesien word. Daar is byvoorbeeld 'n voorkeur vir sekere gewoontes en style van die dominante groep en die self en eie groep word as gering geag. Mense op hierdie vlak sal self teenoor minderhede in eie geledere diskrimineer.
* Dan volg 'n *dissonansiefase* waarin verwarring en konflik beleef word. Die persoon ervaar konflik in sy gevoelens teenoor homself, sy eie groep en teenoor die dominante groep. Dit volg gewoonlik na ervaringe van diskriminasie.
* Daarna volg 'n *weerstandsfase* waarin as 't ware na binne, na eie groepidentiteit gekeer word. Alles van die eie groep en self word hoog geag, terwyl alles van die dominante groep blindelings geminag word.
* Hierna kan weer 'n fase of vlak van *introspeksie* volg waarin belewinge ten opsigte van die eie en die ander groep herondersoek word. Daar word rekenskap gegee vir aanvaarding van eie waardes, en daar word gewonder oor die redes vir verwerping van die ander groep se waardes. Daar ontwikkel 'n bewustheid van die etnosentriese basis vir die beoordeling van ander.
* Laastens kan 'n fase van *bewustheid* bereik word waarin daar waardering vir die self en eie groep bestaan, sowel as selektiewe waardering vir aspekte van die dominante groep.

In hierdie hoogste fase van groepsidentiteitsontwikkeling is daar dan ook 'n waardering van, en agting vir ander minderheidsgroepe in eie geledere.

Laasgenoemde fase reflekteer 'n gesonde multikulturele bewustheid, en respek vir en aanvaarding van verskille.

**Vlakke van ras-/groepsidentiteitsbelewing by dominante groepe**

By dominante groepe (wat in die verlede tipies wit groepe was in die VSA en hier) kom die volgende fases of vlakke van ras-/groeps-identiteitsbelewing voor:

* Aanvanklik bestaan daar in die *vóórkontakfase* 'n onbewuste identifikasie met die dominante (wit) groep, onbewustheid van multikulturele aangeleenthede, en naïwiteit oor die impak van ras en rassisme op die self en op ander. Op hierdie vlak het mense nog nie begin om eie ras/etniese identiteit te ondersoek nie. Hulle aanvaar stereotipes oor die eie groep en oor ander groepe.

* Hierna volg 'n fase waarin identiteitsekerhede disintegreer en konflik ontstaan. In hierdie *dissonansiefase* word die eie rol as deel van 'n dominante (wit) gemeenskap bevraagteken. Eie kulturele waardes word ondersoek, en konfrontasie met die realiteite van diskriminasie en rassisme vind plaas. Erkenning van eie witheid vind plaas, en dissonansie in eie ideologie word ervaar. Konflik tussen sosiale kragte en interne standaarde word ervaar. Skuldgevoel, woede en depressie kan ontwikkel.

* Dan kan 'n *pro-minderheidshouding/anti-rassisme* ontwikkel: die lot van die minderheid- of nie-dominante groep word ter harte geneem. Geïnternaliseerde rassisme word verwerp en woede en skuldgevoel oor vroeëre konformering in wit sosialisering kan ontstaan. Dit kan lei tot oor-identifisering met die nie-dominante groep, of die inneem van 'n paternalistiese houding teenoor hulle.

* 'n *Weerstandsfase* of fase van terugvlug in eie (wit) kultuur kan ontstaan wanneer verwerping van of bedreiging deur persone van die ander kultuur ervaar word. Dan word interkulturele kontak vermy en word die eie groep geïdealiseer.

* 'n *Herdefinisie* kan plaasvind. Die eie (wit) kultuur word geïnternaliseer op 'n manier wat nie rassisme insluit nie. Daar ontwikkel nuuskierigheid oor ander en meer balans. Daar ontwikkel 'n trots op eie etniese groeplidmaatskap.

* Bogenoemde ingesteldheid gaan oor in 'n fase/vlak van *bewustheid,* outonomie en multikulturele aanvaarding. Daar bestaan dan respek vir, en waardering van kulturele verskille. In hierdie fase is daar trots op (die meeste aspekte van) die eie groep, en waardering van en respek vir (die meeste aspekte van) ander groepe. Selektiewe inkorporering van aspekte uit ander groepe kan in eie identiteitsbelewing wees.

Indiwidue kan hulle lewe lank op dieselfde vlak bly of kan deur verskillende stadia en vlakke beweeg of kan tussen vlakke spring. Die vlak waarop 'n indiwidu is, beïnvloed die aard en kwaliteit van sy interaksie met ander mense.

Dit blyk dus ook dat indiwidue van verskillende groepe, hoe verskillend ook al die vroeë fases van groepsidentiteitsbelewing was, op die hoogste (gesondste) vlakke van groepsidentiteitsbelewing groot ooreenkomste in houdings toon.

Multikulturaliteit en vlakke van groepsidentiteitsbelewing hou implikasies in vir universiteitsopleiding in 'n multikulturele konteks. Met *deurkyk* sal ons sien dat in Suid-Afrika alle studente opgelei behoort te word tot multikulturele bewustheid, kennis en vaardighede. 'n Universiteit wat opvoeding in kulturele diversiteit hoog aanslaan, sal bewus wees van, en rekening hou met die feit dat personeel en studente op verskillende vlakke van ras-/groepsidentiteitsbelewing is, en dat dit die opleidingsproses en afloop kan beïnvloed. Navorsing dui byvoorbeeld aan dat as dosente nader aan die outonomie/bewustheidsfase van ontwikkeling is (hoër fase), dan ontwikkel studente vinniger. 'n Etiese probleem kan dus ontstaan as dosente op 'n laer vlak van groepsidentiteitsbelewing is as studente – dit sou studente se ontwikkeling kon rem. As daar 'n te groot gaping is tussen dosente en studente se vlakke an groepsidentiteitsbelewing, kan dit die interpretasie van multikulturele aspekte beïnvloed, en die ontwikkeling van kennis en vaardighede rem. Vir mense op verskillende vlakke van ras-/groepsidentiteitsbelewing is verskillende tipes ingrepe nodig vir optimale

ontwikkeling van multikulturele kennis en -vaardighede (byvoorbeeld op laer vlakke is meer didaktiese ingrepe veral van waarde, terwyl vir mense op hoër vlakke van groepsidentiteitsbelewing ervaringsleer van groter waarde is).

### 5.3.3 Mag

*Multikulturaliteit* het egter ook 'n modewoord geword, en kan iets wees waarteen op sigself vasgestaar kan word. *Deurkyk* kan verg dat die dinamiek van mag in ag geneem moet word. Dit hou onder andere in dat nagedink moet word oor die proses van kategorisering van mense: deur wie word dit gedoen? Waartoe? Vir wie is dit belangrik? Waarom? Wat is die konsekwensies daarvan?

*Deursien* beteken dat die dinamiek van mag verstaan word en dat gesien kan word hoe mag konstruktief gebruik kan word ter bemagtiging van ander en tot die ontwikkeling van vertroue en samewerking, of *destruktief* tot die verontmensliking van die maghebber en die magtelose.

Sonder om hier verder op die dinamiek van mag in te gaan, kan net opgemerk word dat dit uit navorsing blyk dat diegene met (formele) mag geneig is om die nie-maghebbendes (of ondergeskiktes in 'n organisasie/-opset) te stereotipeer. Dit hang onder andere saam met die feit dat daar *nie aandag gegee* word aan die ondergeskikte/nie-dominante persoon nie. Dit kan wees omdat die dominante persone se belang nie daarvan afhang of omdat hulle nie tyd het nie, of omdat hulle gewoond is om die parameters vir/of voorwaardes vir interaksie en agendas te bepaal – sonder om te sien hoe dit hulle eie belange dien, en die dominante diskoers teen transformasie beskerm.

Dit blyk egter ook uit navorsing dat as magshebbers bewus gemaak word/gehou word van hulle eie waardes en selfkonsep as regverdige menslike mense dan gee hulle meer aandag aan ondergeskiktes. Dit is egter eers wanneer aandaggewing lei tot 'n ware dialoog waarin albei partye se persepsies, behoeftes en belange in ag geneem word, dat daar sprake is van ware, wedersydse respek.

## 5.4 Denotasies van vasstaar en deurkyk op *geloofsvlak*

Op 'n geloofsvlak beteken *deurkyk* in die eerste instansie dat ons bewus is dat ons nie setlaars op die aarde is nie, maar pelgrims op weg na die ewige lewe.

*Deurkyk* met die oog van die gees beteken (vir ons wat die Christelike karakter van hierdie Universiteit onderskryf) in sy rykste betekenis dat ons kan kyk deur die *oog van die Heilige Gees* in ons, en dat ons só kan kom tot sien (dit is hoop, geloof, liefde, wat in dade kan oorgaan). Daarom is die bede in ons harte: Here gee ons U Gees om ons te verlig, sodat ons kan sien.

*Vasstaar* is om in die praktyke van ons sondige natuur vas te sit. Met *deurkyk* sal ook die vrugte van die gees in ons lewens geopenbaar word, naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Vasstaar is om sonder wysheid te wees. *Deurkyk* is om *wysheid* te hê. Die Ou- en Nuwe-Testamentiese beskrywings van wysheid verskil, maar waar hulle oor mekaar skuif en in fokus kom, sien ons dat dit in die eerste instansie wysheid is om God te ken, en om soos Christus te word deur die Heilige Gees in ons. Wysheid het ook te make met insig in die aard van die menslike lewe, die verstaan van die waarde daarvan, en is ook die handeling op hierdie begrip. Dit is die Heilige Gees in ons wat ons help om te onderskei wat belangrik is, en waarop dit eintlik aankom.

*Deurkyk* beteken om op alle vlakke van die lewe – ook op die gemeenskapsvlak – bewus te wees van wat dit konkreet beteken om jou naaste lief te hê soos jouself, en dat dit ook *ubuntu/botho* insluit.

*Deurkyk* beteken in sy diepste betekenis dat ons kan begin sien en leer verstaan wat dit is om die Here ons God met ons hele hart, ons hele verstand, en met al ons krag lief te hê.

## 6. Slot

Ten slotte, dames en here graduandi, is die hoofsaak nie wat kan julle nou van die nuwe Suid-Afrika verwag nie, maar wat kan julle as geesteswetenskaplikes, as draers van bewustheidslig, as sieners deur die oog van

die Gees, en as mense wat weet dat *motho ke motho ka batho* – wat júlle vir die nuwe Suid-Afrika kan gee.

Mag julle die moed hê om die hand voor die oë weg te ruk en te durf sien met die oog van die Gees.

Mag kleurryke patrone van sin en betekenis blink speekwiel in u lewe.

Dankie vir u aandag.